P O Box 560, Langebaan, 7357
45 Sunbird Drive
Myburgh Park, Langebaan

Tel: 022 772 1132
e-mail: info@topolino.co.za
www.topolino.co.za

Topolino Privaatskool / Godsdiensbeleid 2023

(Topolino Pre-Primêr ingesluit)

Topolino Privaatskool is ‘n Christenskool wat die Bybel as riglyn gebruik. Die skool se waardes en doelstellings is onlosmaaklik van die Christelike geloof.

Ons erken die menswaardigheid en uniekheid van elke leerder. Die skool diskrimineer nie teen ander gelowe nie, maar ouers moet die skool ten tye van die aansoek verwittig indien die gesin ‘n ander geloofsoortuiging as Christenskap volg.

Alle leerders van Topolino Privaatskool moet Bybelperiodes bywoon en hul Bybelboeke onderhou as deel van die skool se kurrikulum. Bybelonderrig word in klasverband aangebied. Karakterontwikkeling ondersteun die skool se godsdienssillabus en fokus op:

Respek, Regverdigheid, Verantwoordelikheid en Eerlikheid.

Alle vergaderings: Oueraande, saal-, kulturele –en- sportbyeenkomste sal vanuit ‘n Christelike raamwerk geskied. Tydens spesiale geleenthede sal geestelike leiers in die gemeenskap genader word om betrokkie te wees wat die skool se Godsdiensbeleid onderskryf en onderneem om geen kerklike dogma by die geleentheid te bevorder nie.

Voor personeelaanstellings sal die skool se Godsdiensbeleid aan applikante voorgehou word. Topolino Privaatskool behou die reg voor om leerders toe te laat en aanstellings te maak wat in lyn is met ons Christelike etos.

Die leierspan van Topolino Privaatskool hersien die beleide soos wat die behoefte die voordoen.

Die hoof

Bsmit